# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

## REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer* — *Registered at the Post Office as a Newspaper*

Verkoopprys • Selling price
(AVB uitgesluit/GST excluded)
Plaaslik **50c** Local
Buitelands 70c Other countries
Posvry • Post free

VOL. 273 — KAAPSTAD, 23 MAART 1988 — CAPE TOWN, 23 MARCH 1988 — No. 11203


KANTOOR VAN DIE STAATSPRESIDENT

No. 529. 23 Maart 1988

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 14 van 1988: Boswysigingswet, 1988.

STATE PRESIDENT'S OFFICE

No. 529. 23 March 1988

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 14 of 1988: Forest Amendment Act, 1988.

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

**[ ]** Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

________ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

# WET

**Tot wysiging van die Boswet, 1984, ten einde die samestelling van die Bosbouraad te verander; en voorsiening te maak vir die betaling van besoldiging aan lede van die raad, komitees en werkgroepe van die raad; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

*(Engelse teks deur die Staatspresident geteken.)*
*(Goedgekeur op 14 Maart 1988.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 49 van Wet 122 van 1984.

**1.** Artikel 49 van die Boswet, 1984, word hierby gewysig—

*(a)* deur paragraaf *(a)* van subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(a)* Drie beamptes van die departement **[, van wie een as voorsitter en een as ondervoorsitter deur die Minister aangewys moet word]**;"; en

*(b)* deur die volgende subartikel na subartikel (2) in te voeg:

"(2A) Die Minister moet 'n lid van die raad as voorsitter van die raad en 'n ander sodanige lid as ondervoorsitter daarvan aanwys.".

Vervanging van artikel 52 van Wet 122 van 1984.

**2.** Artikel 52 van die Boswet, 1984, word hierby deur die volgende artikel vervang:

"Toelaes en besoldiging betaalbaar aan lede van die raad en sekere ander persone.

**52. [Daar kan aan]** Aan 'n lid of plaasvervangende lid van die raad en **[aan]** 'n lid van 'n komitee of werkgroep van die raad wat nie in die heeltydse diens van die Staat is nie, word die toelaes en besoldiging uit die fonds betaal **[word]** wat die Minister in die algemeen of in 'n besondere geval, na oorleg met die raad en in oorleg met die Minister van Finansies, bepaal.".

Kort titel.

**3.** Hierdie Wet heet die Boswysigingswet, 1988.

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

**[ ]** Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

________ Words underlined with solid line indicate insertions in existing enactments.

---

# ACT

**To amend the Forest Act, 1984, in order to change the constitution of the Forestry Council; to provide for the payment of remuneration to members of the council, committees and working groups of the council; and to provide for matters incidental thereto.**

*(English text signed by the State President.)*
*(Assented to 14 March 1988.)*

BE IT ENACTED by the State President and the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 49 of Act 122 of 1984.

**1.** Section 49 of the Forest Act, 1984, is hereby amended—

*(a)* by the substitution for paragraph *(a)* of subsection (2) of the following paragraph:

"*(a)* Three officers of the department **[, of whom one must be designated by the Minister as chairman and one as vice-chairman]**;"; and

*(b)* by the insertion after subsection (2) of the following subsection:

"(2A) The Minister shall designate a member of the council as chairman of the council and another such member as vice-chairman thereof.".

Substitution of section 52 of Act 122 of 1984.

**2.** The following section is hereby substituted for section 52 of the Forest Act, 1984:

"Allowances and remuneration payable to members of council and certain other persons.

**52.** A member or alternate member of the council and a member of a committee or working group of the council who is not in the full-time employment of the State **[may be paid]** shall be paid from the fund such allowances and remuneration as the Minister may determine in general or in any particular case, after consultation with the council and in consultation with the Minister of Finance.".

Short title.

**3.** This Act shall be called the Forest Amendment Act, 1988.

Gedruk deur Kaap & Transvaal Drukkers (Edms) Bpk, Kaapstad, vir die Staatsdrukker, Pretoria, Tel (012) 323-9731 X267—
BB4919/13550
Printed by Cape & Transvaal Printers (Pty) Ltd, Cape Town, for the Government Printer, Pretoria, Tel (012) 323-9731 X267—
BB4919/13550